**SAOU** **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

# SPLINTERNUUS

4 Februarie 2016 No: 4 van 2016

## KENNISBOU III: WISKUNDE EN WETENSKAP

Die SAOU is tans besig om 'n landwye projek vir die opleiding van onderwysers in **Wiskunde Intermediêre Fase (Graad 4-6) en Natuurwetenskap Senior Fase (Graad 7-9)** van stapel te stuur. Die SAOU vasgestel dat daar 'n behoefte onder die onderwysers bestaan om die leemtes in die vakkennis in hierdie vakgebiede aan te spreek.

In die Noord-Kaap sal die aanbiedings vanaf **27 Junie (Maandag) tot 1 Julie (Vrydag) 2016 in Upington en Kimberley** plaasvind. Daar word beplan om 30-40 onderwysers per fase te akommodeer. Indien daar egter meer onderwysers registreer, kan nog klasse gereël word. Die aanbiedings sal ongeveer 8 uur per dag beloop. Alle studiemateriaal word deur die SAOU voorsien en is deur SARO geëndosseer. Persone wat die kursus bywoon, sal dus PO punte verdien.

Die studiemateriaal sal as volg aangebied word:

| **Wiskunde: Intermediêre Fase<br>Hierdie kursus bestaan uit 5 modules** | |
|---|---|
| **Module** | **Beskrywing** |
| 1 | Wiskunde: Inleiding, konsepvorming in Wiskunde, verandering in die onderrig van Wiskunde (Pedagogiek)<br>Datahantering |
| 2 | Getalle, bewerkings en verwantskappe |
| 3 | Patrone, funksies en algebra |
| 4 | Ruimte en vorm (Meetkunde) |
| 5 | Meting |

| **Natuurwetenskap: Senior Fase<br>Hierdie kursus bestaan uit 5 modules** | |
|---|---|
| **Module** | **Beskrywing** |
| 1 | Wiskunde: Inleiding, konsepvorming in NW, verandering in die onderrig van NW (Pedagogiek) |
| 2 | Energie en verandering |
| 3 | Materie en Materiale |
| 4 | Lewe en Lewende dinge |
| 5 | Planeet aarde en ruimte |

Daar sal met 'n volgende geleentheid meer besonderhede rakende die kostes verbonde aan die opleiding sowel as registrasie verskaf word.

Lede word versoek om solank hierdie datum in hul dagboeke aan te teken.

**SEMINAAR VIR SKOOLHOOFDE 2016**

Skoolhoofde en adjunkhoofde/persone tweede-in-bevel kan steeds registreer vir die jaarlikse seminaar vir skoolhoofde wat op **25 en 26 Februarie 2016** op Douglas gaan plaasvind.

Die program is hierby aangeheg. Die program dek 'n wye verskeidenheid aspekte en daar is voldoende tyd ingeruim vir interaksie (vrae, kommentaar) met die sprekers.

Die Dagbestuur het besluit dat 'n skool se skoolhoof en die adjunkhoof/tweede-in-bevel die seminaar mag bywoon. **Persone wat die seminaar bywoon, kan Professionele ontwikkelingspunte by SARO (SACE) verdien**.

Die SAOU het reeds van die Onderwysdepartement toestemming gekry dat skoolhoofde en persone wat tweede-in-bevel is, die seminaar mag bywoon.

**Die koste vir die seminaar is soos volg: Lede - R250 per persoon.**
**Nie-lede - R325 per persoon.**
**Infomele braai op 24 Februarie 2016 (besonderhede sal later deurgegee word): R150 per persoon**. Bywoning van die braaigeselligheid is opsioneel vir diegene wat reeds die Woensdagaand op Douglas oornag. Die bedrag dek slegs die ete.

Om te registreer, moet u op die volgende skakel kliek: http://saou.invitemanager.co.za/RSVP.aspx?evid=195. **Die sluitingsdatum vir inskrywings is 9 Februarie 2016**

(Let wel: U moet twee keer op die "SUBMIT" skakel kliek. Na die eerste keer verskyn 'n weergawe van u inskrywing wat u kan druk indien verlang word vir die finansiële afdeling van die skool. Na die tweede keer sal daar 'n boodskap verskyn dat u inskrywing suksesvol was). Skakel die kantoor indien u probleme met die inskrywing ondervind.

Stuur asseblief die bewys van betaling aan mev. Ursula van der Merwe by 053 832 2460 (faks) of ursulavdm@saou.co.za.

Gebruik asseblief die **SAOU (NOORD-KAAP) se bankbesonderhede** vir die inbetalings:

**ABSA**
**SAOU (NOORD-KAAP)**
**Tjekrekeningnommer: 4066 927 468**
**Takkode: 632005**
**Verwysing: Hoof + skool se naam**

**SLOTGEDAGTE**

***"The distance between YOUR DREAMS and REALITY is called ACTION".***
*Anon*

# SAOU

*Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (Noord-Kaap)*
*South African Teachers' Union (Northern Cape)*

## SEMINAAR VIR SKOOLHOOFDE
## GWK, DOUGLAS OP 25 EN 26 FEBRUARIE 2016
## TEMA: BOELIES IN DIE SKOOL

| DONDERDAG, 25 FEBRUARIE 2016 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Tyd** | **Aktiwiteit** | **Tydsduur** | **Verantwoordelike persoon(e)** | **Opmerkings** |
| 08:00 tot 08:30 | Aankoms en registrasie | 15 min | Provinsiale Sekretaris | |
| 08:15 tot 08:20 | • **Opening** | 5 min | | |
| 08:20 tot 08:30 | • **Verwelkoming/Reëlings** | 10 min | Mnr. Kobus Smith | |
| 08:30 tot 09:00 | • **GWK aan die woord** | 30 min | GWK | Stel spreker aan die woord en bedank: |
| 09:00 tot 10:30 | • **HUB aan die woord** | 90 min | Mnr. Chris Klopper, HUB | Stel spreker aan die woord en bedank: |
| 10:30 tot 11:00 | • **Sake uit die kantoor** | 30 min | | |
| 11:00 tot 11:30 | Tee/ Koffie/ Verversings | 30 min | GWK | Provinsiale sekretaris |
| 11:30 tot 13:00 | • **Regsdienste**<br>  • **Finansies: Moets en moet glad nie, ondersoeke, oudits en klagtes** | 90 min | Adv. Kinny Labuschagne van die SAOU se Regsdienste | Stel spreker aan die woord en bedank: |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13:00 tot 13:30 | Ligte middagete | 30 min | GWK<br>Tafelgebed: | Provinsiale sekretaris |
| 13:30 tot 15:00 | • **POD**<br>  • **Program ter verryking van begaafde leerders** | 90 min | Mev. Babette le Roux van die SAOU se Professionele Ontwikkelingsdienste | Stel spreker aan die woord en bedank: |
| 15:00 tot 16:30 | • **Aktuele sake**<br>  ➢ **Toelating: Wet vs skoolbeleid**<br>  ➢ **Wysigings aan SA Skolewet: Wat word beoog? Waar laat dit FEDSAS?**<br>  ➢ **Konflik tussen BL en Departement: Waar pas FEDSAS in?**<br>  ➢ **Aanstellings**<br>  ➢ **Omskakelings**<br>  ➢ **Konflik tussen SBL(FEDSAS) en skoolhoof/onderwysers?**<br>  ➢ **SBL en King 3: Is dit op SBL van toepassing en indien wel, hoe moet skoolhoof dit implementeer?**<br>  ➢ **Ens.** | 90 min | FEDSAS: Mnr. Paul Colditz en dr. Jaco Deacon | |
| 16:30 tot 18:00 | Ontspanning | 90 min | | |
| 18:00 – laat | Aandete (Braai) | | GWK<br>Tafelgebed: | Provinsiale sekretaris |

| **VRYDAG 26 FEBRUARIE 2016** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Eie tyd | Ontbyt | | Almal | |
| 08:00 tot 8:05 | • **Opening** | 5 min | | |
| 08:05 tot 08:50 | • **President aan die woord** | 45 min | Dr. Jopie Breed, President, SAOU | Stel spreker aan die woord en bedank: |
| 08:50 tot 10:15 | • **Beplanning vir my aftrede** | 85 min | Mnr. Corn Booyens, Afgetrede Skloolhoof en voormalige President van die SAOU | Stel spreker aan die woord en bedank: |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10:15 tot 10:45 | Ligte verversings – GWK | 30 min | | |
| 10:45 tot 12:05 | • **Boelies** | 80 min | Prof. Elda de Waal, “Professor: Education Law, School of Educational Sciences Faculty of Humanities”, Vaaldriehoek-kampus, NWU | Stel spreker aan die woord en bedank: |
| 12:05 tot 13:05 | • **Vettie-Boem-Boem** | 60 min | Mej. Ilne Fourie, Bloemfontein | Stel akteur aan die woord en bedank: |
| 13:05 tot 13:15 | • **Afsluiting , bedanking en tafelgebed** | 10 min | | |
| **Vertrek na onderskeie tuistes** | | | | |